# HOEPHOEP



Desember 2025

Jaargang 30(4)

Nr. 147

# Kersboodskap

## Die duif is uniek tot God se plan!

Die voëls van die hemel het neste … God wat die Skepper is van hemel en aarde en al die diere gemaak het, het 'n spesifieke doel en werk gehad ook vir die voëls! (Lukas 9:58)

Noag het die duif uit die ark gestuur, teen die aand het die duif teruggekom met 'n olyfblaar (teken van lewe) in sy bek. Die duif keer altyd weer terug en bring die boodskap van hoop. (Genesis 8:10-11)

Terwyl Jesus bid het die hemel oopgegaan en het die Heilige Gees in 'n Sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal, die VREDEVORS wat vrede tussen God en die mense bring. (Lukas 3:21-22)

God sorg vir jou. Hy het jou ontwerp om Hom te eer en 'n ligdraer vir die wêreld te wees.



Wanneer jy weer na die duif kyk sal jy herinner word dat God se Heilige Gees lewendig en kragtig in jou werk! Die Here maak ons oë oop om die waarheid in sy Woord te sien.




## Vrede vir die Kersgety!



BIRDLIFE WESVAAL

# UIT DIE VOORSITTER SE NES

Ná ek teruggekyk het op al ons aktiwiteite en uitstappies deur 2025 - asook die merkwaardige betrokkenheid van ons lede, is ek opgewonde oor die belowende jaar wat vir BirdLife Wesvaal in 2026 voorlê. Hierdie terugblik bring ’n duidelike metafoor na vore.




Net soos ’n ingewikkelde legkaart bestaan ons klub uit baie unieke stukke, elk noodsaaklik vir die groter prentjie. Elke lid bring sy of haar eie besondere vaardighede en passie, of jy nou ’n voëlkyker, fotograaf, organiseerder of bloot iemand is wat graag die gesellige saamkuier geniet, jou betrokkenheid word opreg waardeer.

Elkeen van julle is ’n onmisbare legkaartstukkie wat bydra tot die gesamentlike sukses van BirdLife Wesvaal. Wanneer ons saamstaan, vorm ons ’n kleurvolle mosaïek van harmonie, ’n bewys van ons gedeelde liefde vir voëls en die natuur. Saam skep ons iets mooi en betekenisvol, tot voordeel van onsself én die gemeenskap om ons.

Sonder ons lede, of die oop spasies wat hulle in die legkaart vul, sou die volle potensiaal en voordele van ons klub nooit bereik kon word nie.

Kom ons ondersteun en bemoedig mekaar, met die wete dat elke lid en rol belangrik is om ons klub lewendig en dinamies te hou. Laat ons die legkaart nóg mooier en groter maak.

*Pieter Labuschagne*

# KLUBAANDE

## DIE WONDERWÊRELD VAN SPEGTE

Dawie Kleynhans het op 4 September 2025 aan 53 lede van BirdLife Wesvaal ‘n interessante praatjie oor spegte aangebied.

Daar is nege spegspesies in Suider Afrika waarvan sewe in Suid Afrika voorkom. In die Potchefstroom area kom vier spesies voor. ‘n Draaihals  (Red-throated Wryneck) is nie ‘n ware speg nie.

Spegte is aangepas om insekte tussen boombas te eet en hulle tonge toon verskillende aanpassings. Sommige spegte soos die Goudstertspeg (Golden-tailed Woodpecker) se tongpunte het stywe haartjies wat amper soos 'n bottel skoonmaker lyk. Die tong is verder bedek met 'n dik alkaliese slym wat die suur neutraliseer wat deur miere afgeskei word. Ander spegte soos die Baardspeg (Bearded Woodpecker) se tonge is pylvormig met weerhakies wat die prooi soos wurms en ander larwes uit die hout trek. Die tong van 'n speg is besonders lank om die insekte by te kom. Die tong is geanker in 'n lang been in die skedel en word rondom die skedel gestoor. Hierdie ekstra lengte van die tong het tot voordeel dat die tong diep in die bas ingedruk kan word.



Spegte het kragtige nekspiere wat tot in die rug strek om die kappery te fasiliteer wat tot 20 keer per sekonde kan plaasvind. Die skedels is aangepas sodat die brein nie beskadig word nie deurdat die skedelholte 'n dik stroopagtige vloeistof bevat wat die brein kussing. Die brein pas styf in die skedel en beide die brein en rugmurg bevat min vloeistof sodat skokgolwe nie tydens die kappery versprei nie.

Dawie het verder uitgebrei om die kenmerke van die verskillende spesies uit te lig. Alle speg mannetjies het rooi op die kop. Slegs wyfies wat miere vreet het rooi op die kop wat by die larwe vretende wyfies ontbreek.

**Baardspeg**

- Dit is die grootste speg in Suid Afrika.
- Die speg is in staat om deur 'n teerpad te dril en sy gekap kan tot een kilometer ver gehoor word.
- Die nes opening is ovaalvormig.
- Dit is die enigste speg wat in die winter broei.
- 'n Baarspeg het 'n gebande bors met swart agter die oog.
- Die stert het stywe stertvere.
- Hierdie speg eet larwes.

**Bennettspeg (Bennet's Woodpecker)**

- Hierdie speg spandeer baie tyd op die grond om te voed en is daarom baie kwesbaar teen roofdiere. As gevaar dreig vlieg die voëls dadelik na 'n boom en sorg dat die boomstam tussen hulle en die gevaar is.
- Wyfie het rooi op die kop en vreet dus miere. Sy het ook kolle op die bors, het bruin om die oog en 'n bruin keel.
- Hierdie spegte is meer sosiaal as boomlewende spegte en kom in groepies van vier tot vyf voor.

**Kardinaal speg (Cardinal Woodpecker)**

- Dit is die kleinste van die spegsoorte.
- Dié spegte het strepe op die rug.

- Dit is die enigste speg wat in tuine voorkom.
- Die wyfie het ‘n bruin voorkop.
- Hierdie spegte slaap in verskillende nesgate want een tak is gewoonlik te dun om ‘n hele gesin te dra.

**Goudstertspeg**

- Die speg het wit en swart spikkels op die voorkop.
- Die wyfie het ‘n rooierigheid agter die kaak en ‘n rooi skynsel op die bors.

**Grondspeg (Ground Woodpecker)**

- Hierdie speg is die grootste in Afrika.
- Dit is die enigste speg wat op die grond nesmaak.
- Die mis lyk soos ‘n kleinletter j.
- Hulle maak gebruik van brandwagte wat elke tien minute ruil terwyl die ander vreet.
- Wanneer gevaar dreig kruip hulle agter ‘n rots weg.

**Gryskopspeg (Olive Woodpecker)**

- Hierdie is die enigste plaaslike speg.
- Dit is ook die enigste woudlewende speg wat in immergroen woude voorkom.
- Hulle het geen snor  nie en ‘n geen strepe of kolle op die rug nie.
- Hierdie speg slaap in pare saam in ‘n boomgat.

## ONGELOOFLIKE NEO-TROPIESE VOËLSESPIES, LANDSKAPPE EN STEDE – BRASILIË, ARGENTINIË EN URUGUAY

Johan Nel het op 2 Oktober 2025 ‘n interessante vertelling van hulle toer in Suid-Amerika met 47 BirdLife Wesvaal lede gedeel. Die toer het 98 dae geduur wat vier lande en 41,669-kilometer ingesluit het.

Die 2,500 tot 3000 voëlspesies wat in suidelike Afrika voorkom is hoofsaaklik afro-tropiese voëls. Hierdie getalle sluit die paleo-arktiese spesies in wat somer besoekers is. Suid Amerika daarinteen het ‘n beraamde getal van 4000-4500 neo-tropiese spesies.

Kenmerkend van neo-tropiese spesies is dat hulle helder vere het, gespesialiseerde bekke en komplekse sangpatrone. Die diversiteit van die spesies in hierdie gebied kan toegeskryf word aan die Andes opheffing. Hierdie berge het verskeie klowe met unieke habitatte wat tot ‘n groter spesie diversiteit lei.

Die uitdagings wat Johan ondervind het was dat daar bitter min gidse is en geen uitgebreide voëlboeke sodat spesies maklik geïdentifiseer kan word nie. Daar is ook geen selfoon toepassings beskikbaar nie. Voëls is nie in groepe geklassifiseer nie, wat uitkenning bemoeilik en wat verder hiertoe bydra is dat die voëlname nie konsekwent is nie wat in verskillende streke word die voëls verskillend benoem. Uitkenning van roofvoëls word ook bemoeilik omdat daar geen onderskeid tussen geslagte of jongelinge gemaak word nie.



Johan hulle het ook ‘n paar bekende spesies op hulle toer waargeneem soos die Huismossie (House Sparrow), Gewone Nagreier (Black-crowned Night Heron), Veereier (Western Cattle Egret) en Nonnetjie-Uil (Western Barn Owl).

Johan het daarna oorgegaan en ‘n reeks foto’s gewys van sommige voëls wat hy daar waargeneem het, die pragtige landskappe en ook stede wat hulle besoek het. Hierdie was ‘n baie interessante en leersame aand gewees.

# DAGUITSTAPPIES

## DAGUITSTAPPIE 13 SEPTEMBER 2025

Die daguitstappie het op die roetes rondom Potchefstroom, die Vereniging, Vanderbijlpad en die Koepelroetes gekonsentreer. Daar is besluit om op pentads wat min ge-atlas is te fokus. Corrie Venter het ‘n lys saamgestel van hierdie pentads. Om ‘n volledige protokol of pentad te doen moet jy 2 ure in die pentad spandeer  en soveel moontlik habitatte daarin besoek.

Dié Saterdagoggend het ‘n groep van 12 BirdLife Wesvaal lede by Elgro hotel bymekaar gekom waar daar besluit is wie ry in watter rigting om op spesifieke pentads te fokus.



Lieske Burger en Philizia het twee pentads wat tussen die Vereniging R 54 en Vanderbijlparkpad R 53 is gedoen. Hulle het 30 spesies gesien. Ander groepe het tussen 30 en 88 spesies gesien. Lede het mekaar vir middagete by Venterskroon ontmoet.

Dit was ‘n geslaagde uitstappie om dele rondom Potchefstroom te verken.

## ABE BAILEY UITSTAPPIE

Op Saterdag 4 Oktober 2025 het ‘n groep van 12 BirdLife Wesvaal lede Abe Bailey natuur reservaat besoek. Die dag het koud en winderig begin. Soos die temperatuur gestyg het, het die voëllewe ook opgetel.

Abe Bailey natuur reservaat het verskillende habitatte, ‘n vleiland wat deel is van die Wonderfonteinspruit, grasveld en randjies met bome.



Die groot aantrekking is die vleiland en waterpanne. Lede het heelwat tyd by die water by die rietgedeelte gespandeer. Daar is die algemene watervoëls soos Bleshoenders (Red-knobbed Coots), ‘n Wildemakou (Spur-winged Goose), reiers (egrets), ‘n Grootwaterhoender (Common Moorhen), eende (ducks), en elsies (stilts) gesien.

Grasveld voëls wat waargeneem is, was die Hoëveldskaapwagter (Capped Wheatear), Rooineklewerik (Rufous-naped Lark), Sabotalewerik (Sabota Lark), Vlaktelewerik (Spike-heeled Lark), Witvlerkkorhaan (Northern Black Korhaan), Swartpiek (Ant-eating Chat), Gewone Kwartelvinkie (Qualfinch), en ‘n Swartbandlangstertjie (Black-chested Prinia).


Witvlerkkorhaan

Een van die Venter tweeling het ook die Gevlekte Ooruil (Spotted Eagle-Owl) en ‘n Swartsperwer (Black Sparrowhawk) gesien en dit aan die res van die groep uitgewys.

Die groep het ook na ‘n deel van die rivier, wat nader aan Welverdiend is, gegaan en verskeie voëls gesien.

Dankie aan almal wat deelgeneem het aan die uitstappie.

# *NAWEEKUITSTAPPIES*

## GROOT MARICO NAWEEK

In Augustus 2025 het 10 lede van BirdLife Wesvaal Groot Marico besoek. Groot Marico is middel in die Bosveld met ‘n ryk voëllewe.



Die kamp wat besoek is, is die Malachite Bush Camp.  Daar is drie goed toegeruste permanente tente met ‘n gemeenskaplike kombuis en lapa.  Al die lede het die Vrydagmiddag aangekom en die aand lekker saam gekuier en gebraai.

Einde Augustus kan die weer baie wisselend wees met warm winderige dae. Dit is ook die begin van die lente en oral in die veld het die Blompeer (*Dombeya rotundifolia*) geblom. Die veld was egter nog droog omdat dit nog nie gereën het nie.  Daar is heelwat tweespoor- en wildspaadjies en die lede kon oral rondloop om voëls te kyk. Op die plaas is ook ‘n watergat waar ‘n Swartriethaan (Black Crake) met kuikens almal vermaak het.

Die Saterdagoggend het Selo, die opsigter van die kampterrein, almal geroep en gesê mnr. Dries van der Merwe, die eienaar van die plaas, het gevra dat hy die lede die plaas en omliggende areas moet gaan wys sodat hulle voëls kan kyk.  Vinnig is ‘n bakkie toegerus met houtsitplekke en alhoewel almal skepties die bakkie bestyg het was dit toe ‘n aangename avontuur.  Die res van die lede het met eie vervoer gery.

Die hoogtepunt van die oggend was die Geelkeelsandpatrys (Yellow-throated Sandgrouse) wat vir baie lede ‘n lifer was.



*Geelkeelsandpatrys*

Die middag is die lede met ‘n groter voertuig geneem vir ‘n wildsrit.  Die eienaar het almal werklik bederf met al die ritte.



Sondagoggend het hulle op die plaas rond geloop en nog voëls gekyk.

Daar is 92 voëlspesies identifiseer.

Hoogtepunte was die Grootheuningwyser (Greater Honeyguide), Geelborswillie (Yellow-bellied Greenbul), Witkatlagter (Southern Pied Babbler), en die Afrikaanse Naguil (Fiery-necked Nightjar) wat elke aand heerlik gesing het.

***Rooibekvuurvinkie (Red-billed Firefinch) Geelborswillie (Yellow-bellied Greenbul), Bruinkeelbossanger (Burnt-necked Eremomela)***

Die groep het saam 'n laat ontbyt geëet en die meeste lede het na middagete huis toe vertrek.

Die feit dat daar op die twee pentads wat besoek is, elk nog net een keer vantevore ingestuur is na SABAP2 het die naweek die moeite werk gemaak. Die gevolg is dat 29voëls wat mens daar verwag het teruggekom het as ORF's (out of range). Hierdie is net weereens 'n bewys dat inligting op Birdlasser en SABAP2 'n groot rol speel in die identifisering en verspreiding van voëls in 'n bepaalde gebied. Voëlklubs het 'n groot verantwoordelikheid om behulpsaam te wees hiermee. Opvolg besoeke in daardie omgewing is dus 'n noodsaaklikheid.

# ARTIKELS

## ADVENTURE KIDS CLUB

Op 27 September het van BirdLife Wesvaal (BLWV) se lede saam met die Adventure Kids Club by Lekwena gekuier.

Die Klub het BLWV genooi om die kinders se belangstelling in voëls aan te wakker. Daar was 18 kinders teenwoordig waarvan die ouderdomme tussen 5 en 13 jaar gewissel het.

Alet Steyn het vir elke kind 'n boekie met 5 bladsye gemaak wat Pieter Labuschagne uitgedruk het.



***Jana, Alet en Jone met die boekie***

Die boekie het bestaan uit foto's van 14 voëls wat by Lekwena voorkom.

Sy het die kinders ingelig oor die kenmerke en habitatte van die voëls. Hierdie was 'n lekker uitdaging want so tussen die vertel sou kinders hulle handjies opsteek en eers vertel dat hulle al daardie duif met 'n windgeweer doodgeskiet het, of dat hulle 'n swart en wit voëltjie gesien het toe hulle by Lekwena ingery het.

Met Pieter en Lawren Oelofse se hulp is die Engelstalige kinders gehelp met die Engelse name. Terwyl hulle besig was met die kinders het Jana en Jone van Heerden, familie van Alet, foto's van die voëls op die terrein in bome en tussen riete gaan wegsteek.

Na die inligting sessie moes die kinders die foto's van die voëls gaan soek, identifiseer en aanteken in hul boekie. Hulle het dit baie geniet en hulle hulle die terrein vol gehardloop, in bome geloer, tussen die riete op soek na daardie foto in hul boekie.



Na die gesoekery is die kinders beloon met íets te ete en het elkeen, asook BLWV se lede, 'n kenteken ontvang vir hul bywoning.

***Lawren Oelofse ontvang sy kenteken***

Hierdie was 'n geleentheid om kinders van vroeg bewus te maak van voëls sodat die liefde vir voëls en die natuur hopelik ook by hulle sal posvat.



Pieter, Lawren, Alet, Jana en Jone saam met van die kinders van Adventure Kids Club

**Alet Steyn**

## SOUTH AFRICAN BIRD FAIR





The South Africa Bird Fair hosted by BirdLife South Africa were held on 6 September 2025 at the Pretoria National Botanical Garden. Linda Marais and Lounell White attended the bird fair which comprised of morning walks, informative workshops, activities for children and exhibitors.

Information workshops were held as parallel sessions; therefore, all workshops could not be attended to. Lounell and Linda managed to attend four of these workshops which were of high quality as all was based on existing research.

| Presentations | Presenters |
|---|---|
| The White-winged Flufftail – using Africa's rarest and most threatened waterbird as a flagship species for wetland conservation | Dr K Lloyd – Wetland Conservation Project Manger of White-winged Flufftail Conservation – BirdLife South Africa<br>Dr M Muller, Steenkampsberg conservation Officer - BirdLife South Africa |
| Vultures and elephants: a complicated relationship | Professor A Monadjem - Department of Biological Sciences, University of Eswatini |
| Birds on the Brink: Learn about South Africa's threatened Birds and those trying to save them | Dr A Lee - Science and Innovation Programme Manager – BirdLife South Africa |
| Bird on the Brink: Botha's Lark | M Orolowitz – Birding Ecotoors Fellow of Grasslands Conservation – BirdLife South Africa |

The White-winged Flufftail (Witvlerkvleikuiken) serves as a flagship species for high-altitude wetland conservation in South Africa. Research on this species include habitat protection as well as research into the biology and movements of these birds. Efforts to protect the White-winged Flufftail entails community engagement and the designation of protected areas like the Middelpunt Wetland area.

Currently all vultures are critically endangered except the Palm-nut Vulture (Witaasvoël). Professor Mondjem is of the opinion that poachers who kill elephants are responsible for the decrease in numbers of vultures. Poachers poison elephant carcasses to ensure that they themselves are not caught, as circling vultures are a tell-tale sign of an elephant kill.




Dr Lee discussed the book, Bird on the Brink. This book discusses the threatened bird species and the people who are working to save these species. The global status of the species, short information on the species and the threats against their continued assistance are discussed.

The presentation on Botha's Lark (Vaalrivierlewerik), another critically endangered species, focussed on the research of this species in The Wakkerstroom environment. Threats for species loss includes habitat loss due to agricultural practices and predation by animals such as mongooses and snakes.

Many exhibitors focussed on threatened species such as the Southern Ground-Hornbill (Bromvoël) and Southern Bald Ibis (Kalkoenibis). Cameras, binoculars and birding books, a birder's paradise, were also on display.

The Bird Fair is an informative opportunity for birders and should be part of their bucket list.


*Lounell White, Linda Marais*

## JUWEELTJIES IS ONS LAND

Voëlkykers toer regdeur die land om daardie voël te soek wat nog nie op hulle lewenslys is nie. Lounell White en twee vriendinne het Wakkerstroom vir 'n naweek besoek en op twee geskiedkundige plekke in die land afgekom wat 'n bonus op die voëlkyk was.




Ossewakop troon aan die Oostekant van Wakkerstroom uit en is ongeveer 400 meter hoër as die dorp self en kan met 'n 4x4 voertuig bereik word. Dit is 'n pragtige uitsig oor die dorp en omgewing vanaf Ossewakop wat ook deur die Voortrekkers gebruik is as 'n strategiese uitkykpunt omdat daar wyd oor die omgewing uitgekyk kon word om enige gevare vroegtydig te gewaar. Hierdie 4x4 roete het 'n ryk voëllewe en die Rooivlerkpatrys (Red-winged Francolin), 'n lifer vir sommige groeplede is hier waargeneem.



Op die R543 is die Zaaihoekdam geleë waar Kalkoenibisse (Southern Bald Ibis) die strukture van die damwal as uitkykpunt gebruik het.






Die historiese brug oor die Buffelsrivier wat as 'n gesamentlike projek van die Zuid Afrikaanche Republiek en die Colony of Natal in 1898 gebou is, is 'n staalstruktuur maar die aanloop tot die brug is met sandsteen gebou.

Hier het ‘n Gevlekte Ooruil (Spotted Eagle Owl) doodluiters en doodstil op ‘n tak gesit en die wêreld bespied.



*Lounell White*

# *FEITE EN GEITE*

## HIGIËNE VAN VERE

Dit is belangrik dat die vere van voëls in top kondisie is vir vlug. Daar is verskeie maniere wat voëls hulle vere onderhou.

In vlug kan die weerhakies wat die vlugvlere by mekaar hou soms beskadig word en die aërodinamika van die vere beïnvloed. Wanneer die vlaggedeelte van die vere versteur word, stryk die voël sy vere met sy bek weer glad om te verseker dat al die weerhakies weer mooi in plek is.

Voëls ondersteun soms mekaar om moeilik bereikbare plekke soos die kop en nek te bereik deur mekaar te versorg.

‘n Son- of stofbad word gebruik om van ongewenste bakterieë en parasiete ontslae te raak. Gedurende ‘n stofbad gaan die voël plat op die grond lê met die vlerke uitgesprei en beweeg dan die vlerke in die grond.

Hierdie metodes word ook gebruik om van oortollige olie ontslae te raak.



Hierdie Rooiborsduifie (Laughing Dove) was besig met ‘n stofbad.

Ultravioletstrale op uitgespreide vlerke help ook om van ongewenste besmettings ontslae te raak.

Baie voëls hou ook daarvan om te bad. Hulle plas in vlak water rond en pof die vere sodat die water ook teen hulle lywe kan kom.

Die voëls se vere kan egter nie te nat word nie want dan is hulle nie in staat om vinnig weg te vlieg as gevaar dreig nie.







***Sonbad, Waterbad en Stofbad***

Kyk gerus na die video waar voëls die bad metodes gebruik. (Regs click op die link, click dan op open Hyper link)
***https://youtu.be/yhRareHFNel***

Bron: Emmet, M & Sean P, 2011, Die Veldwagter Stap Saam.

*Alet Steyn en Lounell White*

# *VERWARRENDE SPESIES*

| | **Lelkiewiet (African Wattled Lapwing)** | **Witkopkiewiet (White-crowned Lapwing)** |
|---|---|---|
| **KOP EN NEK** | Korter lelle<br>Wit voorkop met rooi band<br><br>Gestreepte nek | Baie lang lelle<br>Wit middelkroonstreep wat van voorkop tot agternek strek<br>Nek is wit |
| |  |  |
| **KLEUR** | Donkerbruin bors met swart penstreep | Onderlyf is wit |
| **VLERKE** | Bruin, gryswit en swart | Swart en wit |
| **HABITAT** | Grasveld naby riviere | Sandbanke langs riviere |
| |  |  |

*Alet Steyn en Lounell White*

# VOËL VAN DIE JAAR 2026

BirdLife Suid Afrika het aangekondig dat die Witkruisvleivalk (Black Harrier) wat endemies is aan suidelike Afrika, aangewys is as die voël van die jaar vir 2026 in Suid Afrika. Die Witkruisvleivalk is gekies om bewustheid te skep vir hierdie kritiek bedreigde roofvoël met 'n geskatte bevolkingsgrootte van minder as 1300 individue.

Die Witkruisvleivalk word tans bedreig deurdat landboupraktyke die habitat van dié voëls drasties verminder het. Hierdie voëls verkies renosterveld en fynbos wat aan die kus groei. Verstedeliking dra ook by tot die habitat verlies van hierdie spesie en daar word beraam dat 90 persent van hulle habitat reeds verlore is. Windturbines en kragdrade waarin die voëls soms vasvlieg dra verder by tot die vermindering van die getalle.



Die Witkruisvleivalk het swart vere, 'n duidelike wit kruis, met swart en wit gestreepte stertvere. Die Witkruisvleivalk het 'n lengte van 45-50 sentimeter, 'n vlerkspan van een meter en weeg tussen 400 en 600 gram. Beide die mannetjie en wyfie het geel bene.

Witkruisvleivalke broei hoofsaaklik in die Weskaap maar migreer ooswaarts na koeler gedeeltes in die Ooskaap, Vrystaat en Lesotho gedurende die somermaande.



Die prooi bestaan hoofsaaklik uit klein soogdiere soos muise maar kleiner voëls en reptiele kan hulle dieet aanvul.

Witkruisvleivalke is aangepas deurdat 'n verekraag rondom die oë, klanke na die ore kanaliseer. Muise kan dus diep in plantegroei opgespoor word. Die lae liggaamsgewig met die groot stert en vlerk


oppervlakte het tot voordeel dat die voëls ure lank kan vlieg en stel hulle in staat om in ‘n 20 kilometer radius kos te soek.

Bronne: https://www.sanbi.org/gardens/hantam/information/black-harrier/

Lee, A & Banda, S. 2025. Birds on the brink. Struik Nature, South Africa.

*Lounell White, Alet Steyn en Willie Victor*

Voorbladfoto van die Witkruisvleivalk verskaf deur Alet Steyn



Die redaksie het nog artikels ontvang.

Hierdie artikels sal in die Januarie Hoephoep geplaas word